

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 144 7 September 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

Pretstaaljie



REDAKSIONEEL

Oor-dentlik

Die Bondsvergadering is vars in almal wat teenwoordig was, se gedagtes. Lidmate en kerkrade sal Sondag reeds terugvoer ontvang. In Koersvas sal besluite in verskeie uitgawes bekendgestel word. Nadat die Notule goedgekeur is, sal almal weet wat besluit is. Die belangrike "*Selfverstaan mosie*" sal ook volgende keer gepubliseer word. Nie alles word *verbatim* genotuleer nie. Die GHG het gekies vir notulering van besluite, nie besprekings nie.

Dit het sy nadele om net besluite te notuleer. Ouderling Jannie Vosser se passievolle ouderlings-woorde het stem gegee aan soveel ouderlinge se bekommernisse, dit is jammer hulle kan dit nie instemmend hoor of lees nie. Ds Johan van Wyk se roerende vermanend-troostend rede moet eintlik wyd gehoor word.

Daar is een saak wat soos 'n paal bo water staan. 'n Versameling GHG ouderlinge, diakens en predikante wat onder aanslae en verdagmaking (deur 'n uiters klein groep, eintlik almal familie) na Pietersburg gereis het, het verenig en met gemoedelike vrede terug gereis na hulle tuistes.

Meer as een afgevaardigde het ruitelik erken dat hulle met groot bekommernis na die Bondsvergadering gegaan het, sommige het selfs opgesien teen die vergadering. Die rede vir die bekommernis: Die aanslae en verdagmaking wat in verskeie publikasies geblyk het, die stortvloed van e-posse teen die wil van die gemeentes in, die vloed van bladsye gevul met persoonlike aanvalle, lasterlike insinuasies en skynbaar *mala fide* onkundige kritiek (WAT - "*mala fide (Lat.) Wat met slegte bedoelings optree of plaasvind*"). Dit is duidelik dat hierdie openbare aanvalle onmin en onsekerheid gesaai het. Dit mag nie weer gebeur nie.

Ds Thys Fourie het op sy sagte maar ferm manier goeie leiding gegee en die genesing gefasiliteer. Hy het met sy leiding en insig net weer bewys dat die steedsHervormers reeds reg was om voor te stel dat die GHG se jaarlikse vergaderings na gemeentes gaan en dat die plaaslike predikant as voorsitter optree.

Reeds vroeg die Maandagoggend het harde maar reguit woorde geval. Dit was 'n skok vir die meeste teenwoordig se sisteem. Advokaat du Plessis het op die man af die probleme en bedreigings aangespreek sonder om *ad hominem* te raak (WAT - "*ad hominem leenwoordgroep (Latyn) Tot die*

mens, op die man af: 'n Bewys ad hominem, geen saaklike bewys nie, maar een waarby gebruik gemaak word van die persoonlike eienskappe van diegene wat oortuig moet word"). Die aanvanklike protes het plek gemaak vir iets anders. Nadat hy gepraat het, het die hemel nie geval nie, dit het nie begin sneeu nie, almal het egter geweet presies wat die bedreigings is.

"Dit is moontlik om te praat sonder om jou gedagtes en stellings in wollerighede te verdoesel, jy mag stellings maak sonder watter na alle kante toe!"

'n Vars bries het deur die vergadering gewaai. Die gesprekke was meer direk, meer eerlik, sonder dat daar enige respek ingeboet is. Waar nodig, is name genoem. Waar nodig, is stilgebly. Die Bondsvergadering het 'n nuwe fase van eerlikheid ingegaan waarin almal mekaar se *bona fides* aanvaar het, selfs in die aanhoor van kritiek. Kritiek wat gemik was op die probleem, nie die persoon nie (WAT - "*bona fides* leenwoordgroep (Latyn) *Opregtheid, egtheid, eerlikheid*").

Dit het duidelik geword dat dit moontlik is om te ordentlik te wees. In die proses van poog om ordentlik te wees, word vele ruimtes vir verwarring, onsekerheid en misverstand geskep. Die wollerigheid van oor-ordentlik skep broei-ruimtes wat misbruik kan word om verdeeldheid en wantroue te kweek. Ons kan so besig raak met die soek na mooi en polities-korrekte woorde, dat ons die eintlike boodskap - die volle waarheid - agterweë laat.

Eerlike, respekvolle gesprekke het saam met die voortgesette aandrag op konsensus daartoe gelei dat die GHG nou weer die hegte band kon smee. Elke gemeente, elke lidmaat is 'n integrale deel van 'n Gideonsbende wat getrou gaan bly aan die

Evangelie en mekaar. Openhartige gesprekke laat die lig so val op ons bande dat die krag daarvan vir almal duidelik word. Die plek vir daardie gesprekke is by die Bondsvergadering. Ons het gepraat en besluit. Nou gaan ons lojaal ons saak verdedig.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering te Pietersburg is afgehandel. Ons opregte dank aan ds Thys Fourie en die gemeente vir die hartlike en opregte ontvangs. Die vergadering het suksesvol afgeeloop.

Die Bonds dames se vergadering was ook suksesvol. Ons dank aan almal betrokke.

VOLKSHULP2000

Die algemene jaarvergadering van Volkshulp2000 sal DV plaasvind op 6 Oktober 2018

Datum: 6 Oktober 2018

Tyd: 10:00

Plek: Oranjekas, Collinslaan 1241, Moregloed, Pretoria

Alle Geloofsbond-lidmate wat lede is van Volkshulp2000 word aangemoedig om dit by te woon.

Onthou om voor 14 September 2018 kennis te gee van u bywoning by Adri Benade (Tel 012 755-8201/2) of deur epos te stuur aan bestuur@volkshulp-2000.co.za

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert

by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENSbroOD 2019-2020

Vir die afgelope ses jaar is dieselfde prys gehandhaaf. Ongelukkig het drukkoste so verhoog dat ons nie anders kan as om die prys aan te pas nie. Die veronderstelling is dat ons weer 1400 bestellings gaan kry. Gemeentes word aangemoedig om so wyd moontlik bestellings te werf. Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. Prys **R120** per eksemplaar

DS PARKIN - OTTOSDAL

Ds. Johan Parkin van Ottosdal se vrou, Denise is siek met kanker. Haar situasie het intussen vererger.

Ons meeewing gaan met die gesin in hierdie tyd.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831

auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke

➤ Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

PRETSTAALTJIE

Die Ongelukkige Spierwit Duif:

Ons mense is mos maar vol sentiment en elkeen wil graag hulle troue 'n spesiale affêre maak. Eintlik wil ons elke ding wat vir ons besonders is onthou. Om *anders-te-wees* is mos om *spesiaal-te-wees*. Ons sien so baie 'mooi idees' oral rondom ons. Die Amerikaners is nogal bekend daarvoor dat hulle met al sulke vindingryke goed kan uitdink en partykeer kan dit ook maar lekker vlak wees.

My vrou is vlytig met naald en garing. So maak sy mos nou rokkies, en sy maak vir hierdie verhaal se aanstaande bruid haar trourok en rokkies vir haar strooimeisies en elke meisie wat iets mooi wil aantrek. Elke keer as hulle bymekaarkom om die rokkies te pas, gesels hulle al te lekker oor al die mooi goed en idees wat hulle beplan vir die troue. Die einste Amerikaners, dink ek, kan werklik met idees na vore kom wat ongelukkig 'n bruid se denke logies verdag kan maak. En meisies kan - ek dink omdat hulle tydens versorgingsessies sit en dan baie tyd op hande het - met allerhande innoverende en inspirerende gedagtes na vore kom.

So is die bruid toe getroud, maar ons hoor toe ook niks verder van hulle af nie. En 'n paar maande later, kom hierdie een strooimeisie en wil sy ook 'n rokkie hê vir haar troue. Ek reken sy moes seker die bruidsruike op die einste troue gevang het. Hoe dit ookal sy, my vrou vra haar toe uit oor hoe die troue van haar *grênd* vriendin toe geloop het en sy begin lag...en sy lag en lag. En daar kom die hele storie van hoe

sentiment en simboliek toe verkeerd geloop het, uit.

Hulle het hierdie fênsie ‘venue’ gekry waar hulle trou. Deesdae kan jy mos alles by so ‘n venue kry. Hulle doen die spyseniering, en die foto’s, en verskaf ‘n klanksisteem en jy kan sommer ‘n seremoniemeester ook daar huur. Hulle het selfs ‘n klein kerkie of kapel daar op die werf en jy kan selfs ‘n *dominee-of-iets* kry wat die stigtelike deel van die seremonie waarneem en waar jy “*for ever en no-more*” aan mekaar kan sê.

Tradsievas word die plegtigheid dan baie stigtelik in die kapel gehou en dan volg ‘n rits van die bruid se mooi gedagtes. Gedagtes wat die dag ‘n mooi herinnering moet maak, wat baie spesiaal sal wees vir die herinneringe van die paartjie. (Om jou troue *anders-te-laat-wees* is deesdae mos *spesiaal-laat-wees*). Een van haar blink gedagtes was dan nou juis dat wanneer hulle so uit die kapel gestap kom - vir die eerste keer as getroude paartjie - (en dit moet ook wees, nog voordat die gaste nou kans kry om hulle met konfetti te bestrooi), dat daar moet dan spierwit duiwe vrygelaat word.

Dit moes nou so werk: Hulle sou elkeen ‘n spierwit duif in so ‘n koper duiwehokkie sit, met linte en als, en net so as hulle uitgestap kom, dan gaan hulle eers op die trappies staan en haal elkeen sy duif uit en word die duiwe saam vrygelaat. Die bruid het baie simboliek daarin gesien dat die twee spierwit duiwe, wat nou elkeen van hulle in die vars huwelik verteenwoordig of iets, so saam sal wegvlieg.

So staan almal met opgehoude asems buite die klein kapelletjie en bekyk die spiktakel, hoe die twee spierwit duiwe nou in vryheid die lug in moet wegvlieg. Niemand weet nog wat dit moet beteken nie, dit sal seker later

op die onthaal verduidelik word. En net soos die duiwe toe amper hoogte bereik, ‘n draai daar bo maak om hulle koers in die rigting van vryheid te kry, toe klap daar skielik ‘n skoot. Hoekom dit nou die bruid se duif moes wees, sal ons seker nooit weet nie. Maar dit was ‘n pot-shot en al wat afkom terug aarde toe is net die vere van die spierwit duif van die bruid.

Die bruid is in tranes, haar duif is flenters geskiet. Die bruidegom probeer troos, maar ma stom van verbasing en wonder of dit nie weer een van die stout nefies se streke was nie. Die hele onthaal verder was maar ‘n snikkerige affêre vir die bruid, want haar hele simboliek lê nou aan skerwe: “Beteken dit nou dat haar vryheid met die huwelik ook nou kortgeknip is of wat?” Die sal ek nie kan sê nie. Die res van die gaste het kort kort in ‘n lagbui uitgebars, die sameloop van omstandighede en die tydsberekening was net te perfek.

Later die aand sou die speurwerk van die boeties dit bekendmaak dat reg langs die troue-venue daar ‘n Kleiduiw Skietklub is wat Saterdag ook kompetisies het. Die duiwe van die omgewing weet van die kompetisie Saterdag en bly maar eerder weg vir hulle eie veiligheid. Maar niemand het vir die twee spierwit simboliese duiwe iets daarvan gesê nie. Ons weet nie of die bruid agterna vir berading moes gaan en hoe lank haar huwelik toe gehou het nie, want sy het nogal ernstige waarde aan haar simboliek van die twee spierwit duiwe geheg. Haar troue is wel as spesiaal deur die gaste onthou. Al wat almal agterna van die troue kon onthou, was die oomblik toe die vere van die bruid se spierwit simboliese duif terug aarde toe sweef sonder om vryheid te smaak.

‘n Mens moet maar versigtig wees vir snaakse fieterjasies, fênsie goed en

vreemde simboliek wat ons aan goed heg – dinge kan lelik skeefloop wanneer ons dit die minste verwag of beplan. Al voel dit vir jou oud-modies, is dit partykeer maar beter (en dalk veiliger) om by die ou beproefde goed te bly, soos jou ma en jou ouma se troue was. Gaan hoor gerus by hulle, hoe hulle getrou het, wat hulle alles gedoen het en

waarom hulle dit so gedoen het. Onthou julle nog die eerlike eenvoud van trou in die kerk, onthaal by die stadsaal, buiteklub of selfs die skuur op oupa se plaas. Hoe smaak dit dan nou vir my of huwelike toe ook beter gehou het as nou?

Dankie ds Louis Alberts

**AGENDA VAN ALGEMENE JAARVERGADERING WAT OM 10:00 OP SATERDAG
6 OKTOBER 2018 SAL PLAASVIND TE ORANJEKAS, COLLINSLAAN 1241
MOREGLOED, PRETORIA**

(Volkshulp 2000 is 'n welsynsorganisasie wat in 1991 by die destydse Departement Volkswelsyn as welsynorganisasie geregistreer is. NO: 004-086 NWO)

1. KONSTITUERING VAN VERGADERING
2. OPENING & VERWELKOMING
3. KONSTITUERING VAN VERGADERING
4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN 19 AUGUSTUS 2017 JAARVERGADERING EN DIE SPESIALE ALGEMENE JAARVERGADERING 10 MAART 2018
5. SAKE VOORTSPRUITEND
 - 5.1 Grondwet
6. Voorsitter se Verslag
7. Finansiële verslag VAN 2016/2017 & 2017/2018
8. Verkiesing van Bestuurslede
 - 7.1 Nominasies
 - 7.2 Verkiesing van bestuurslede
9. NUWE SAKE
 - 8.1
 - 8.2
 - 8.3
10. ALGEMEEN
11. BEDANKINGS
12. AFSLUITING

NOMINASIEVORM: VOLKSHULP 2 000

Voltooi asseblief in drukskrif

VOORSTELLER/NOMINEERDER

Ek, die ondergetekende, wens hiermee te nomineer:

Van: _____

Volle voorname: _____, vir die verkiesing tot 'n Bestuurslid van
Volkshulp 2000.

Datum: _____ Hantekening: _____

GENOMINEERDE

Van: _____ Volle voorname: _____

ID se Nommer: _____

Datum: _____ Hantekening: _____

SEKONDANT

Van: _____ Voorletters: _____


Datum: _____ Hantekening: _____

GENOMINEERDE

Aanvaar die aanbod

JA

NEE



R 120 per eksemplaar. Bestellings by zyvetto@gmail.com
of johan.otto@geloofsbond.org.za